(ii) erwe wat vir munisipale doeleindes verkry word, mits die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad die doeleindes waarvoor sodanige erwe nodig is, goedgekeur het;

is onderworpe aan onderstaande voorwaardes:—

(a) Die applikant en enige ander persoon of liggaam van persone wat skriftelik deur die Administrateur daartoe magtiging verleen is, het, met die doel om te sorg

conditions and any other conditions referred to in section 56 *bis* of Ordinance 11 of 1931, have the right and power to enter into and upon the erf at all reasonable times for the purpose of such inspection or inquiry as may be necessary to be made for the above-mentioned purpose.

(b) Neither the owner, nor any other person, shall have the right to make or permit to be made upon the erf for any purpose whatsoever any bricks, tiles or earthenware pipes or other articles of a like nature.

(c) Plans and specifications of all buildings and of all alterations or additions thereto shall be submitted to the local authority whose approval, in writing, shall be obtained before the commencement of building operations. All buildings or alterations or additions thereto shall be completed within a reasonable time after commencement.

(d) The elevational treatment of all buildings shall conform to good architecture so as not to interfere with the amenities of the neighbourhood.

(e) Neither the owner nor any other person shall have the right save and except to prepare the erf for building purposes, to excavate therefrom any material without the written consent of the local authority.

(f) Except with the consent of the local authority no animal as defined in the Local Authorities' Pounds Regulations, as published under Administrator's Notice 2 of 1929, shall be kept or stabled on the erf.

(g) No wood and/or iron buildings or buildings of unburnt clay-brick shall be erected on the erf.

(h) Except with the written approval of the local authority and subject to such conditions as the local authority may impose, neither the owner nor any occupier of the erf shall sink any wells or boreholes thereon or abstract any subterranean water therefrom.

(j) Where, in the opinion of the local authority, it is impracticable for stormwater to be drained from higher-lying erven direct to a public street the owner of the erf shall be obliged to accept and/or permit the passage over the erf of such stormwater: Provided that the owners of any higher-lying erven, the stormwater from which is discharged over any lower lying erf, shall be liable to pay a proportionate share of the cost of any pipeline or drain which the owner of such lower-lying erf may find necessary to lay or construct for the purpose of conducting the water so discharged over the erf.

(k) The erf shall be used for the erection of a dwelling-house only: Provided that, with the consent of the Administrator after reference to the Townships Board and the local authority, a place of public worship or a place of instruction, social hall, institution or other buildings appertaining to a residential area may be erected on the erf: Provided further that the local authority may permit such other buildings as may be provided for in an approved Town-planning Scheme, subject to the conditions of the Scheme under which the consent of the local authority is required.

(l) Except with the consent of the Administrator who may prescribe such conditions as he may deem necessary, not more than one dwelling-house together with such out-buildings as are ordinarily required to be used in connection therewith shall be erected on the erf: Provided that if the erf is subdivided or if such erf or any portion

dat hierdie voorwaardes en enige ander voorwaardes genoem in artikel 56 *bis* van Ordonnansie 11 van 1931, nagekom word, die reg en bevoegdheid om op alle redelike tye die erf te betree ten einde sodanige inspeksie te doen of ondersoek in te stel as wat vir bovermelde doel gedoen of ingestel moet word.

(b) Nog die eienaar, nog enigiemand anders, besit die reg om vir enige doel hoegenaamd bakstene, teëls, of erdepype of ander artikels van 'n soortgelyke aard op die erf te vervaardig of te laat vervaardig.

(c) Planne en spesifikasies van alle geboue en van alle veranderinge of aanbouings daaraan, moet voorgelê word aan die plaaslike bestuur, wie se skriftelike goedkeuring verkry moet word voordat 'n aanvang met die bouwerk-saamhede gemaak word. Alle geboue of veranderinge of aanbouings daaraan, moet binne 'n redelike tydperk voltooi word nadat daar 'n aanvang daarmee gemaak is.

(d) Die opstand van alle geboue moet voldoen aan die vereistes van goeie argitektuur sodat dit nie die aantreklikhede van die omgewing benadeel nie.

(e) Nog die eienaar, nog enigiemand anders, het die reg om, behalwe om die erf vir boudoeleindes in gereedheid te bring, enige materiaal daarop uit te graawe sonder die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur.

(f) Uitgesonderd met toestemming van die plaaslike bestuur, mag geen dier soos omskryf in die Skutregulasies van Plaaslike Bestuur, soos afgekondig by Administrateurskennisgewing 2 van 1929, op die erf aangehou of op stal gesit word nie.

(g) Geen geboue van hout en/of sink of geboue van roustene mag op die erf opgerig word nie.

(h) Uitgesonderd met die skriftelike toestemming van die plaaslike bestuur en onderworpe aan sodanige voorwaardes as wat die plaaslike bestuur oplê, mag nóg die eienaar nóg enige okkupant van die erf enige putte daarop graawe of boorgate daarop boor of enige ondergrondse water daaruit haal.

(j) Waar dit na die mening van die plaaslike bestuur onuitvoerbaar is om neerslagwater van erwe met 'n hoër ligging regstreeks na 'n openbare straat af te voer, is die eienaar van die erf verplig om te aanvaar dat sodanige neerslagwater op sy erf vloei en/of toe te laat dat dit daaroor loop: Met dien verstande dat die eienaars van erwe met 'n hoër ligging, van waar die neerslagwater oor 'n erf met 'n laer ligging loop, 'n eweredige aandeel van die koste moet betaal van enige pyplyn of afleivoer wat die eienaar van sodanige erf met 'n laer ligging nodig vind om aan te lê of te bou, om die water wat aldus oor die erf loop, af te voer.

(k) Die erf moet slegs gebruik word om daarop 'n woonhuis op te rig: Met dien verstande dat, met toestemming van die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad en die plaaslike bestuur, 'n plek van openbare godsdiensoefening of 'n plek van onderrig, 'n gemeenskapsaal, 'n inrigting of ander geboue wat in 'n woongebied tuishoort, op die erf opgerig kan word: Voorts met dien verstande dat die plaaslike bestuur sodanige ander geboue waarvoor in 'n goedgekeurde dorpsaanleg-skema voorsiening gemaak word kan toelaat, behoudens die voorwaardes van die skema waarvolgens die toestemming van die plaaslike bestuur vereis word.

(l) Behalwe met toestemming van die Administrateur wat sodanige voorwaardes kan stel as wat hy nodig ag, mag nie meer as een woonhuis met sodanige buitegeboue as wat gewoonlik vir gebruik in verband daarmee nodig is, op die erf opgerig word nie: Met dien verstande dat, as die erf onderverdeel word of as sodanige erf of enige gedeelte daarvan, met enige ander erf of gedeelte van

thereof is consolidated with any other erf or portion of an erf this condition may with the consent of the Administrator be applied to each resulting portion or consolidated area.

(i) The dwelling-house, exclusive of outbuildings, to be erected on the erf shall be of the value of not less than R10,000.

(ii) The main building, which shall be a completed building and not one partly erected and intended for completion at a later date, shall be erected simultaneously with or before the erection of the outbuildings.

(m) Buildings, including outbuildings, hereafter erected on the erf shall be located not less than 25 feet (English) from the boundary thereof abutting on a street.

(n) If the erf is fenced, or otherwise enclosed, the fencing or other enclosing device shall be erected and maintained to the satisfaction of the local authority.

2. Erf Subject to Special Condition

In addition to the relevant conditions set out above, Erf 18 shall be subject to the following condition:—

The erf is subject to a servitude for transformer site purposes in favour of the local authority as indicated on the general plan.

3. Servitude for Sewerage and Other Municipal Purposes

In addition to the relevant conditions set out above the erven shall be subject to the following conditions:—

(a) The erf is subject to a servitude, six feet wide, in favour of the local authority, for sewerage and other municipal purposes, along one only of its boundaries other than a street boundary as determined by the local authority.

(b) No building or other structure shall be erected within the aforesaid servitude area and no large-rooted trees shall be planted within the area of such servitude or within six feet thereof.

(c) The local authority shall be entitled to deposit temporarily on the land adjoining the aforesaid servitude such material as may be excavated by it during the course of the construction, maintenance and removal of such sewerage mains and other works as it in its discretion may deem necessary and shall further be entitled to reasonable access to the said land for the aforesaid purposes subject to any damage done during the process of constructing, maintaining and removing such sewerage mains and other works being made good by the local authority.

4. Definitions

In the foregoing conditions the following terms shall have the meaning assigned to them:—

(i) "Applicant" means Richard Percival Gibson and his successors in title to the township.

(ii) "Dwelling-house" means a house designed for use as a dwelling for a single family.

5. State and Municipal Erven

Should any erf referred to in clauses B 1 (i) and (ii) hereof come into the possession of any person other than the State or the local authority such erf shall thereupon be subject to such of the aforementioned or such other conditions as may be permitted by the Administrator after consultation with the Townships Board.

'n erf gekonsolideer word, hierdie voorwaarde met toestemming van die Administrateur op elke gevolglike gedeelte of gekonsolideerde gebied toegepas kan word.

(i) Die waarde van die woonhuis, sonder inbegrip van die buitegeboue, wat op die erf opgerig gaan word, moet minstens R10,000 wees.

(ii) Die hoofgebou, wat 'n voltooide gebou moet wees en nie een wat gedeeltelik opgerig is en eers later voltooi gaan word nie, moet gelyktydig met, of voor, die buitegeboue opgerig word.

(m) Geboue, met inbegrip van buitegeboue wat hierna op die erf opgerig word, moet minstens 25 voet (Engelse) van die straatgrens daarvan geleë wees.

(n) Indien die erf omhein of op 'n ander wyse toegemaak word, moet die heining of ander omheiningsmateriaal tot voldoening van die plaaslike bestuur opgerig en onderhou word.

2. Erf Onderworpe Aan Spesiale Voorwaarde

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is Erf 18 onderworpe aan die volgende voorwaarde:—

Die erf is onderworpe aan 'n serwituut vir transformatorterreindoeleindes ten gunste van die plaaslike bestuur soos aangewys op die algemene plan.

3. Serwituut vir Riolerings- en Ander Munisipale Doeleindes

Benewens die betrokke voorwaardes hierbo uiteengesit, is die erwe aan die volgende voorwaardes onderworpe:—

(a) Die erf is onderworpe aan 'n serwituut, ses voet wyd; vir riolerings- en ander munisipale doeleindes, ten gunste van die plaaslike bestuur, langs slegs een van sy grense uitgesonderd 'n straatgrens soos bepaal deur die plaaslike bestuur.

(b) Geen gebou of ander struktuur mag binne voormelde serwituutgebied opgerig word nie en geen grootwortelbome mag binne die gebied van sodanige serwituut of binne ses voet daarvan geplant word nie.

(c) Die plaaslike bestuur is geregtig om sodanige materiaal as wat deur hom uitgegrawe word tydens die aanleg, onderhoud, en verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke as wat hy na goeë dunde as noodsaaklik beskou, tydelik te gooi op die grond wat aan voornoemde serwituut grens en voorts is die plaaslike bestuur geregtig tot redelike toegang tot genoemde grond vir voornoemde doel: Met dien verstande dat die plaaslike bestuur enige skade vergoed wat gedurende die aanleg, onderhoud en verwydering van sodanige rioolhoofpyleidings en ander werke veroorsaak word.

4. Woordomskrywing

In voormelde voorwaardes het onderstaande uitdrukings die betekenis wat aan hulle geheg word:—

(i) "Applikant", beteken Richard Percival Gibson en sy opvolgers in titel tot die eiendomsreg van die dorp.

(ii) "Woonhuis" beteken 'n huis wat ontwerp is vir gebruik as 'n woning vir een gesin.

5. Staats- en Munisipale Erwe

As enige erf in klousule B 1 (i) en (ii) hiervan genoem in die besit kom van enige ander persoon as die Staat of die plaaslike bestuur, dan is so 'n erf daarop onderworpe aan sodanige van voornoemde voorwaardes of sodanige ander voorwaardes as wat die Administrateur na raadpleging met die Dorperaad toelaat.

No. 156 (Administrator's), 1969

PROCLAMATION*by the Honourable the Administrator of the Province of the Transvaal*

Whereas the Village Council of Tzaneen has, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, submitted a petition for the constitution of a Town Council for the area of jurisdiction of the Village Council of Tzaneen;

And whereas power is vested in me in terms of section 9 (1) of the Local Government Ordinance, 1939, to raise the status of any municipality;

And whereas in terms of section 23 of the Municipal Elections Ordinance, 1927, the date of the first election of town councillors shall be notified by me by proclamation;

And whereas power is vested in me in terms of section 153 of the Local Government Ordinance, 1939, by proclamation to nominate and appoint persons to form a town council pending the first election of town councillors;

Now, therefore, I do by this Proclamation proclaim—

(a) that on the 30th June 1969, the Village Council of Tzaneen shall cease to exist;

(b) that on the 30th June 1969, the period of office of the present members of the said Village Council shall terminate;

(c) that on the 1st July 1969, there shall be constituted a Town Council instead of the said Village Council, to be styled the Town Council of Tzaneen, with jurisdiction over the area of the said Village Council;

(d) that the first election of councillors of the Town Council of Tzaneen shall take place on the first Wednesday in March 1972; and

(e) that I have nominated and appointed the under-mentioned Village Councillors to form the Town Council of Tzaneen pending the first election of town councillors:—

Mr J. S. Lombard.
Mr N. C. Maritz.
Mr P. G. Joynt.
Mr A. W. Laws.
Mr A. Burman.
Mr A. M. Theron.
Mr T. F. J. van Aardt.

Given under my Hand at Pretoria on this Eleventh day of June, One thousand Nine hundred and Sixty-nine.

S. G. J. VAN NIEKERK, Administrator of the Province of the Transvaal.

TALG. 3/1/71.

ADMINISTRATOR'S NOTICES

Administrator's Notice 627

11 June 1969

BRITS MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given, in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Brits has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Brits Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

No. 156 (Administrateurs-), 1969

PROKLAMASIE*deur Sy Edele die Administrateur van die Provinsie Transvaal*

Nademaal die Dorpsraad van Tzaneen, ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, 'n petisie voorgelê het om die instelling van 'n stadsraad vir die regsgebied van die Dorpsraad van Tzaneen;

En nademaal bevoegdheid aan my verleen is om, ingevolge artikel 9 (1) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die status van enige munisipaliteit te verhoog;

En nademaal ingevolge artikel 23 van die Munisipale Verkiesingsordonnansie, 1927, die datum van die eerste verkiesing van stadsraadslede deur my by proklamasie bekendgemaak word;

En nademaal bevoegdheid aan my verleen is om, ingevolge artikel 153 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, by proklamasie persone te nomineer en te benoem om 'n stadsraad te vorm tot tyd en wyl die eerste verkiesing van stadsraadslede plaasvind;

So is dit dat ek by hierdie Proklamasie proklameer—

(a) dat die Dorpsraad van Tzaneen op 30 Junie 1969 ophou om te bestaan;

(b) dat die ampstermyn van die huidige raadslede van genoemde Dorpsraad op 30 Junie 1969 verstryk;

(c) dat daar 'n stadsraad, die Stadsraad van Tzaneen genoem te word, in plaas van genoemde Dorpsraad met ingang van 1 Julie 1969 ingestel word met regsbevoegdheid oor die gebied van genoemde Dorpsraad;

(d) dat die eerste verkiesing van stadsraadslede van die Stadsraad van Tzaneen gehou word op die eerste Woensdag in Maart 1972; en

(e) dat ek die onderstaande Dorpsraadslede genomineer benoem het om die Stadsraad van Tzaneen te vorm tot tyd en wyl die eerste verkiesing van stadsraadslede plaasvind:—

Mnr. J. S. Lombard.
Mnr. N. C. Maritz.
Mnr. P. G. Joynt.
Mnr. A. W. Laws.
Mnr. A. Burman.
Mnr. A. M. Theron.
Mnr. T. F. J. van Aardt.

Gegee onder my Hand te Pretoria, op hede die Elfde dag van Junie Eenduisend Negehonderd Nege-en-sestig.

S. G. J. VAN NIEKERK, Administrateur van die Provinsie Transvaal.

TALG. 3/1/71.

ADMINISTRATEURSKENNISGEWINGS

Administrateurskennisgewing 627

11 Junie 1969

MUNISIPALITEIT BRITS.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Brits 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9 (7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die Munisipaliteit Brits verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition of the said proposal.

TALG. 3/2/10.

SCHEDULE

BRITS MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF AREA PROPOSED TO BE INCLUDED

The site is bounded by a line beginning at a point marked T, the northern corner of Portion 86; thence along the north-eastern boundary of the said Portion 86 to the north-eastern corner of Portion 86 marked point A; thence along the south-eastern boundary of Portion 86 to the southern corner beacon marked point R; thence along the south-western boundary of Portion 86 to the western corner beacon marked point S; thence along the northern boundary of Portion 86 to Point T, being the point of commencement.

The portion described above refers to the farm Krokodil drift 446 JQ, District of Brits.

Administrator's Notice 633 18 June 1969
WITBANK MUNICIPALITY.—PROPOSED ALTERATION OF BOUNDARIES

Notice is hereby given in terms of section 10 of the Local Government Ordinance, 1939, that the Town Council of Witbank has submitted a petition to the Administrator praying that he may in the exercise of the powers conferred on him by section 9 (7) of the said Ordinance alter the boundaries of the Witbank Municipality by the inclusion therein of the area described in the Schedule hereto.

It shall be competent for all persons interested, within 30 days of the first publication hereof in the *Provincial Gazette*, to present to the Administrator a counter-petition setting forth the grounds of opposition to the said proposal.

TALG. 3/2/39.

WITBANK MUNICIPALITY.—DESCRIPTION OF THE AREA TO BE INCORPORATED

Portion 15 (Diagram S.G. A591/22) of portion of the farm Klipfontein 322 JS in extent 163 morgen 539 square rods.

Administrator's Notice 634 18 June 1969
PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM WELGEKOZEN 514 IT, DISTRICT OF PIET RETIEF

In view of an application having been made by Mr J. H. van S. Scheepers for the cancellation or reduction of the surveyed servitude of Outspan, in extent five morgen to which portion 54 of the farm Welgekozen 514 IT is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (11) of subsection (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag 34, Ermelo, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

DP. 051-054-37/3/125.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

TALG. 3/2/10.

BYLAE

MUNISIPALITEIT BRITS.—BESKRYWING VAN GEBIED WAT INGELYF STAAN TE WORD

Die terrein word begrens deur 'n lyn wat begin by 'n punt gemerk T, die noordelike hoek van Gedeelte 86; vandaar langs die noordoostelike grenslyn van gemelde Gedeelte 86 tot by die noordoostelike hoek van Gedeelte 86 gemerk Punt A; vandaar langs die suidoostelike grenslyn van Gedeelte 86 tot by die suidelike hoekbaken gemerk Punt R; vandaar langs die suidwestelike grens van Gedeelte 86 tot by die westelike hoekbaken gemerk Punt S; vandaar langs die noordelike grens van Gedeelte 86 tot by Punt T synde die aanvangspunt.

Die gedeelte wat hierbo genoem word, verwys na die plaas Krokodil drift 446 JQ, distrik Brits.

Administrateurskennisgewing 633 18 Junie 1969
MUNISIPALITEIT WITBANK.—VOORGESTELDE VERANDERING VAN GRENSE

Ingevolge artikel 10 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, word hierby bekendgemaak dat die Stadsraad van Witbank 'n versoekskrif by die Administrateur ingedien het met die bede dat hy die bevoegdhede aan hom verleen by artikel 9 (7) van genoemde Ordonnansie uitoefen en die grense van die munisipaliteit Witbank verander deur die opneming daarin van die gebied wat in die Bylae hierby omskryf word.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne 30 dae na die eerste publikasie hiervan in die *Provinsiale Koerant* aan die Administrateur 'n teenpetisie voor te lê, met vermelding van die gronde van beswaar teen genoemde voorstel.

TALG. 3/2/39.

MUNISIPALITEIT WITBANK.—BESKRYWING VAN DIE GEBIED WAT INGELYF STAAN TE WORD

Gedeelte 15 (Kaart L.G. A591/22) van gedeelte van die plaas Klipfontein 322 JS, groot 163 morg 539 vierkante roede.

Administrateurskennisgewing 634 18 Junie 1969
VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANSERWITUUT OP DIE PLAAS WELGEKOZEN 514 IT, DISTRIK PIET RETIEF

Met die oog op 'n aansoek ontvang van mnr. J. H. van S. Scheepers om die opheffing of vermindering van die opgemete uitspanserwituut, groot vyf morg waaraan gedeelte 54 van die plaas Welgekozen 514 IT onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ingevolge paragraaf (11) van subartikel (1) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957) op te tree.

Enige belanghebbende persoon is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, sy besware skriftelik by die Streekbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak 34, Ermelo, in te dien.

DP. 051-054-37/3/125.

Administrator's Notice 635
 18 June 1969
**DEVIATION AND WIDENING.—DISTRICT ROAD
 67, DISTRICT OF HEIDELBERG**


It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Heidelberg, in terms of paragraph (d) of subsection (1) of section five and section three of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that District Road 67 traversing the farm Rietfontein 461 IR, District of Heidelberg, shall be deviated and widened to 80 Cape feet as indicated on the sketch plan subjoined hereto.

DP. 021-023-23/22/67.

Administrateurskennisgewing 635
 18 Junie 1969
**VERLEGGING EN VERBREDING.—DISTRIKSPAD
 67, DISTRIK HEIDELBERG**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Heidelberg, ingevolge paragraaf (d) van subartikel (1) van artikel vyf en artikel drie van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat Distrikspad 67 oor die plaas Rietfontein 461 IR, distrik Heidelberg, verleg en verbreed word na 80 Kaapse voet soos aangetoon op bygaande sketsplan.

DP. 021-023-23/22/67.



Administrator's Notice 636
 18 June 1969
**OPENING OF A DISTRICT ROAD.—DISTRICT OF
 LYDENBURG**


It is hereby notified for general information that the Administrator has approved, after investigation and report by the Road Board of Lydenburg, in terms of section 5 (1) (b) and (c) and section 3 of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that a public road 80 Cape feet wide which shall be a district road, shall exist on the farm Aapiesdoorndraai 298 KT, District of Lydenburg, as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 04-042/23/22/0183 TYD.

Administrateurskennisgewing 636
 18 Junie 1969
**OPENING VAN DISTRIKSPAD.—DISTRIK
 LYDENBURG**

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur, na ondersoek en verslag deur die Padraad van Lydenburg, goedgekeur het dat 'n openbare pad, wat 'n distrikspad sal wees, 80 Kaapse voet breed ingevolge artikel 5 (1) (b) en (c) en artikel 3 van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), oor die plaas Aapiesdoorndraai 298 KT, distrik Lydenburg, sal bestaan soos op bygaande sketsplan aangetoon.

DP. 04-042-23/22/0183 TYD.



Administrator's Notice 637

18 June 1969

GREYLINGSTAD MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO TOWN HALL BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Town Hall By-laws of the Greylingstad Municipality, published under Administrator's Notice 562, dated 16 October 1946, as amended, are hereby further amended by—

(a) the substitution for the amount "3 0 0" where it occurs in paragraphs (1), (3), 16 (b), (20), (21) and (23) of section 15 of the amount "R8";

(b) the substitution in paragraph (25) of section 15 for the words "during the day" of the expression, "entertainment in aid of local charity and indoor sports gatherings"; and

(c) the renumbering of paragraph 28 of section 15 to (28) and the addition thereafter of the following:—

"(29) For the use of the town hall for blood transfusion services: Free of charge".

TALG. 5/94/58.

Administrator's Notice 638

18 June 1969

THABAZIMBI HEALTH COMMITTEE.—AMENDMENT TO DRAINAGE AND PLUMBING REGULATIONS

The Administrator hereby, in terms of section 164 (3) of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the regulations set forth hereinafter, which have been made by him in terms of section 126 (1) (a) of the said Ordinance.

The Drainage and Plumbing Regulations, published under Administrator's Notice 127, dated 31 March 1943, and made applicable *mutatis mutandis* to the area of jurisdiction of the Thabazimbi Health Committee by Administrator's Notice 306, dated 14 May 1958, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the insertion at the end of item 1 (a) of Schedule C of the following proviso:—

"Provided further that in the case of a hotel or boarding-house where a water-closet is installed in the bathroom of a bedroom for the exclusive use thereof by the occupants of such room, the fee for each such water-closet shall be R1."

2. By the addition at the end of section 1 (d) (i) of Schedule C of the following proviso:—

"Provided that in the case of a hotel or boarding-house where a shower bath or bath is installed in the bathroom of a bedroom for the exclusive use thereof by the occupants of such room, the fee for each such shower-bath or bath shall be R1".

TALG. 5/34/104.

Administrator's Notice 639

18 June 1969

RESCISSION OF ADMINISTRATOR'S PROCLAMATION 317 OF 1952, IN CONNECTION WITH THE OPENING OF A PUBLIC ROAD IN THE DISTRICT OF MESSINA

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved that Administrator's Proclamation 317 of 1952, in connection with the opening

Administrateurskennisgewing 637

18 Junie 1969

MUNISIPALITEIT GREYLINGSTAD.—WYSIGING VAN STADSAALVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Stadsaalverordeninge van die munisipaliteit Greylingstad, afgekondig by Administrateurskennisgewing 562 van 16 Oktober 1946, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur in artikel 15—

(a) die bedrag "3 0 0" waar dit in paragrawe (1), (3), 16 (b), (20), (21) en (23) voorkom deur die bedrag "R8" te vervang;

(b) in paragraaf (25) die woorde "gedurende die dag" deur die woorde "vermaaklikheid ten bate van plaaslike liefdadigheid en binnenshuise sportbyeenkomste" te vervang; en

(c) paragraaf 28 te hernoem (28) en die volgende daarna by te voeg:—

"(29) Vir die gebruik van die stadsaal vir bloed-oortappingsdienste: Kosteloos".

TALG. 5/94/58.

Administrateurskennisgewing 638

18 Junie 1969

GESONDHEIDSKOMITEE VAN THABAZIMBI.—WYSIGING VAN RIOLERINGS- EN LOODGIETERS-REGULASIES

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 164 (3) van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die regulasies hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 126 (1) (a) van genoemde Ordonnansie gemaak is.

Die Riolerings- en Loodgietersregulasies, afgekondig by Administrateurskennisgewing 127 van 31 Maart 1943 en *mutatis mutandis* op die regsgebied van die Gesondheidskomitee van Thabazimbi van toepassing gemaak by Administrateurskennisgewing 306 van 14 Mei 1958, soos gewysig, word hierby verder as volg gewysig:—

1. Deur aan die einde van item 1 (a) van Bylae C die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

"Voorts met dien verstande dat in die geval van 'n hotel of 'n losieshuis waar 'n water-kloset in die badkamer van 'n slaapkamer geïnstalleer is vir die uitsluitlike gebruik daarvan deur die okkupante van sodanige kamer, die geld vir elke sodanige water-kloset R1 is."

2. Deur aan die einde van item 1 (d) (i) van Bylae C die volgende voorbehoudsbepaling in te voeg:—

"Met dien verstande dat in die geval van 'n hotel of losieshuis waar 'n stortbad of bad in die badkamer van 'n slaapkamer geïnstalleer is vir die uitsluitlike gebruik daarvan deur die okkupante van sodanige kamer, die geld vir elke sodanige stortbad of bad R1 is."

TALG. 5/34/104.

Administrateurskennisgewing 639

18 Junie 1969

INTREKKING VAN ADMINISTRATEURSPROKLAMASIE 317 VAN 1952 IN VERBAND MET DIE OPENING VAN 'N OPENBARE PAD IN DIE DISTRIK MESSINA

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur goedgekeur het dat Administrateursproklamasie 317 van 1952, in verband met die

of a public road on the farm Vogelenzang 3 MT, District of Messina (formerly 814, District of Soutpansberg) be rescinded in terms of subsection (3A) of section five of the Roads Ordinance 22 of 1957.

DPH. 035M-23/20/4/T.1/28

Administrator's Notice 640

18 June 1969

PROPOSED REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM VLAKPLAATS 112 IQ, DISTRICT OF LICHTENBURG

In view of application having been made by Mr D. M. H. le Roux for the reduction of the servitude of outspan, in extent 21 morgen 7,420 square feet to which the remaining portion of Portion 2 of the farm Vlakplaats 112, IQ, District of Lichtenburg is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of paragraph (iv) of subsection (1) of section fifty-six of the Roads Ordinance 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Transvaal Roads Department, Private Bag X928, Potchefstroom, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

DP. 07-075-37/3/V21.

Administrator's Notice 641

18 June 1969

PROPOSED REDUCTION AND SURVEY OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM DRIEFONTEIN 34 HP, DISTRICT OF WOLMARANSSTAD

With reference to Administrator's Notice 1059 of 13 December 1967, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (ii) of subsection (1) and paragraph (ii) of subsection 7 of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve the reduction and survey of the servitude in respect of the surveyed outspan situated on remaining portion, Portion 1 of the farm Driefontein 34 HP, District of Wolmaransstad, as indicated on Diagram S.G. 2439/94 from 17·0000 morgen to 5·0000 morgen as indicated on Diagram S.G. A4982/68.

DP. 07-074-37/3/D.2.

Administrator's Notice 642

18 June 1969

DECLARATION OF SUBSIDY ROADS WITHIN WALKERVILLE AGRICULTURAL HOLDINGS

It is hereby notified for general information that the Administrator has approved in terms of paragraph (a) of section forty of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), that the sections of School Roads S.327/1 and S.704 within the Walkerville Agricultural Holdings, as indicated on the sketch plan subjoined hereto, shall exist as subsidy roads.

DP. 021-024-23/23.

opening van 'n openbare pad oor die plaas Vogelenzang 3 MT, distrik Messina (voorheen 814, distrik Soutpansberg) kragtens die bepalings van subartikel (3A) van artikel vyf van die Padordonnansie 22 van 1957 ingetrek word.

DPH. 035M-23/20/4/T.1/28

Administrateurskennisgewing 640

18 Junie 1969

VOORGESTELDE VERMINDERING VAN UITSPAN SERWITUUT OP DIE PLAAS VLAKPLAATS 112 IQ, DISTRIK LICHTENBURG

Met die oog op 'n aansoek ontvang vanaf mnr. D. M. H. le Roux om die vermindering van die serwituut van uitspanning, 21 morg 7,420 vierkante voet groot, waaraan die resterende gedeelte van Gedeelte 2 van die plaas Vlakplaats 112, IQ, distrik Lichtenburg, onderworpe is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streeksbeampte, Transvaalse Paaiedepartement, Privaatsak X928, Potchefstroom, skriftelik in te dien.

DP. 07-075-37/3/V21.

Administrateurskennisgewing 641

18 Junie 1969

VOORGESTELDE VERMINDERING EN OPMETING VAN UITSPAN SERWITUUT OP DIE PLAAS DRIEFONTEIN 34 HP, DISTRIK WOLMARANSSTAD

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1059 van 13 Desember 1967 word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om, ooreenkomstig paragraaf (ii) van subartikel (1) en paragraaf (ii) van subartikel 7 van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg aan die vermindering en opmeting van die serwituut ten opsigte van die opgemete uitspanning geleë op resterende gedeelte, Gedeelte 1 van die plaas Driefontein 34 HP, distrik Wolmaransstad soos aangetoon op Diagram L.G. 2439/94 vanaf 17·0000 morg na 5·0000 morg, soos aangetoon op Kaart L.G. A4982/68.

DP. 07-074-37/3/D.2.


Administrateurskennisgewing 642

18 Junie 1969

VERKLARING VAN SUBSIDIE PAAIE BINNE WALKERVILLE LANDBOUHOEWES

Dit word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat die Administrateur ingevolge die bepalings van paragraaf (a) van artikel veertig van die Padordonnansie 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedgekeur het dat die gedeeltes van Skoolpaaie S.327/1 en S.704 binne die Walkerville Landbouhoewes, soos op die bygaande sketsplan aangetoon as subsidie paaie sal bestaan.

DP. 021-024-23/23.



Administrator's Notice 643

18 June 1969

REDUCTION AND DEMARCATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM DUIKERFONTEIN 365 JP, DISTRICT OF LICHTENBURG

With reference to Administrator's Notice 874 of 28 August 1968 it is hereby notified for general information that the Administrator, is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of subsection (1) and paragraph (i) of subsection (7) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve that the servitude in respect of the undefined or general outspan, in extent 1/75th of 1185 morgen 443 square roods, to which the remaining portion of the farm Duikerfontein 365 JP, District of Lichtenburg is subject, be reduced and demarcated in the position and in extent 5.0000 morgen as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 07-075-37/3/D12.


Administrateurskennisgewing 643

18 Junie 1969

VERMINDERING EN AFMERKING VAN UITSPAN-SERWITUUT OP DIE PLAAS DUIKERFONTEIN 365 JP, DISTRIK LICHTENBURG

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 874 van 28 Augustus 1968, word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (i) van subartikel (7) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg dat die serwituit ten opsigte van die onbepaalde of algemene uitspanning, 1/75ste van 1185 morg 443 vierkante roedes groot, waaraan die resterende gedeelte van die plaas Duikerfontein 365 JP, distrik Lichtenburg onderworpe is, verminder en afgemerk word in die ligging en-grootte 5.0000 morg soos aangetoon op bygaande sketsplan.

DP. 07-075-37/3/D12.



D.P. 07-075 - 37/3 / D 12.

VERWYSING: BESTAANDE PAAIE, AFGEBAKENDE UITSPANNING, REFERENCE: EXISTING ROADS, DEMARCATED OUTSPAN

Administrator's Notice 644

18 June 1969

REDUCTION AND DEMARCATION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM RIETFONTEIN 153 IR, DISTRICT OF HEIDELBERG

With reference to Administrator's Notice 1015 of 2 October 1968, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of subsection (1) and paragraph (ii) of subsection (7) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve that the servitude in respect of the general outspan, in extent 1/75th of 814 morgen 595 square roods, to which certain Portion 18

Administrateurskennisgewing 644


18 Junie 1969

VERMINDERING EN AFMERKING VAN UITSPAN-SERWITUUT OP DIE PLAAS RIETFONTEIN 153 IR, DISTRIK HEIDELBERG

Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 1015 van 2 Oktober 1968, word hiermee vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur, behaag, om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (ii) van subartikel (7) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg dat die serwituit ten opsigte van die algemene uitspanning, 1/75ste van 814 morg 595 vierkante roede groot, waaraan die sekere Gedeelte 18 van die plaas

of the farm Rietfontein 153 IR, District of Heidelberg is subject, be reduced to 5 morgen and the reduced outspan demarcated in the position as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 021-023-37/3/R9C



Rietfontein 153 IR, distrik Heidelberg onderhewig is, verminder word na 5 morg en die verminderde uitspanning afgemerk word in die ligging soos aangetoon op die bygaande sketsplan.

DP. 021-023-37/3/R9C

D.P.021-023-37/3/R9 (c).

VERWYSING.

REFERENCE.

AFGEBAKENE UITSPAN-
NING.DEMARCATED OUTSPAN-
NING.

BESTAANDE PAAIE.



EXISTING ROAD.

Administrator's Notice 645

18 June 1969

JOHANNESBURG MUNICIPALITY.—APPOINTMENT OF COMMISSIONER

The Administrator hereby publishes, in terms of section 2 (1) of Ordinance 9 of 1960, that he has, in terms of section 139 of the Local Government Ordinance, 1939, appointed Mr S. A. Lombard as a commissioner to enquire into and report upon the proposal of the City Council of Johannesburg to sell Erven 486, 487 and 488, Brixton to the Johannesburg Congregation of Jehova's Witnesses: Brixton Unit; and the objections thereto.

TALG. 11/2/1046.

Administrateurskennisgewing 645

18 Junie 1969

MUNISIPALITEIT JOHANNESBURG.—AANSTELLING VAN KOMMISSARIS

Die Administrateur publiseer hierby; ingevolge artikel 2 (1) van Ordonnansie 9 van 1960, dat hy ingevolge artikel 139 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, mnr. S. A. Lombard aangestel het as kommissaris om ondersoek in te stel na en verslag te doen oor die voorneme van die Stadsraad van Johannesburg om Erwe 486, 487 en 488, Brixton aan die "Johannesburg Congregation of Jehova's Witnesses", Brixton-eenheid te verkoop; en die besware daarteen.

TALG. 11/2/1046.

Administrator's Notice 646

18 June 1969

RURAL LICENSING BOARD, SCHWEIZER-RENEKE.—APPOINTMENT OF MEMBER

The Administrator hereby, under and by virtue of the powers vested in him by regulation 7 (4) of the regulations made in terms of section 18 of the Licences (Control) Ordinance, 1931 (Ordinance 3 of 1932), and published by Administrator's Notice 267, dated 8 June 1932 (as amended from time to time), appoints Mrs J. P. Voges as member of the Rural Licensing Board for the Magisterial District of Schweizer-Reneke with term of office expiring on 30 November 1970, vice Mr E. E. G. Böhme deceased.

TW. 8/7/3/47.

Administrateurskennisgewing 646

18 Junie 1969

LANDELIKE LISENSIERAAD, SCHWEIZER-RENEKE.—BENOEMING VAN LID

Hierby benoem die Administrateur, kragtens en ingevolge die bevoegdhede aan hom verleen by regulasie 7 (4) van die regulasies gemaak ingevolge artikel 18 van die Lisensie (Kontrole) Ordonnansie, 1931 (Ordonnansie 3 van 1932), en afgekondig by Administrateurskennisgewing 267 van 8 Junie 1932 (soos van tyd tot tyd gewysig), mev. J. P. Voges tot lid van die Landelike Lisensieraad vir die Landdrosdistrik van Schweizer-Reneke met ampstermyn tot 30 November 1970, in die plek van mnr. E. E. G. Böhme, wat oorlede is.

TW. 8/7/3/47.

Administrator's Notice 647

18 June 1969

REDUCTION AND DEMARCATION OF OUTSPAN SERVITUDE.—FARM RIETFONTEIN 318 KR, DISTRICT OF POTGIETERSRUS

With reference to Administrator's Notice 595 dated 12 June 1968, it is hereby notified for general information that the Administrator is pleased, under the provisions of paragraph (iv) of subsection (1) and paragraph (i) of subsection (7) of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957), to approve that the servitude in respect of the underlined or general

Administrateurskennisgewing 647

18 Junie 1969

VERMINDERING EN AFBAKENING VAN UITSPANSERWITUUT.—PLAAS RIETFONTEIN 318 KR, DISTRIK POTGIETERSRUS


Met betrekking tot Administrateurskennisgewing 595 van 12 Junie 1968, word hierby vir algemene inligting bekendgemaak dat dit die Administrateur behaag, om ooreenkomstig paragraaf (iv) van subartikel (1) en paragraaf (i) van subartikel (7) van artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), goedkeuring te heg dat die serwituut ten opsigte van die

outspan, in extent 1/75th of 3005 morgen 411 square roods, to which Portion 8 of the farm Rietfontein 318 KR, District of Potgietersrus, is subject, be reduced to five morgen and that the reduced outspan be demarcated in the position as indicated on the subjoined sketch plan.

DP. 03-033-37/3/R-33.

onbepaalde of algemene uitspanning, 1/75ste van 3005 morg 411 vierkante roede groot, waaraan Gedeelte 8 van die plaas Rietfontein 318 KR, distrik Potgietersrus, onderworpe is, verminderd word na vyf morg en dat die verminderde uitspanning afgebaken word in 'n ligging soos aangetoon op bygaande sketsplan.

DP. 03-033-37/3/R-33.



Administrator's Notice 648

18 June 1969

PROPOSED CANCELLATION OR REDUCTION OF OUTSPAN SERVITUDE ON THE FARM RIETFONTEIN 2 IR, DISTRICT OF JOHANNESBURG

In view of application having been made on behalf of Messrs Glenwilliam Properties (Pty) Limited, for the cancellation or reduction of the servitude of outspan, in extent five morgen to which the remainder of Portion 9 of the farm Rietfontein 2 IR, District of Johannesburg, is subject, it is the Administrator's intention to take action in terms of section fifty-six of the Roads Ordinance, 1957 (Ordinance 22 of 1957).

It is competent for any person interested to lodge his objections, in writing, with the Regional Officer, Private Bag 1001, Benoni, within three months of the date of publication of this notice in the *Provincial Gazette*.

DP. 021-022J-37/3/R1.

Administrateurskennisgewing 648

18 Junie 1969

VOORGESTELDE OPHEFFING OF VERMINDERING VAN UITSPANSERVITUUT OP DIE PLAAS RIETFONTEIN 2 IR, DISTRIK JOHANNESBURG

Mét die oog op 'n aansoek ontvang namens menere Glenwilliam Properties (Pty) Limited, om die opheffing of vermindering van die serwituut van uitspanning, groot 5 morg, waaraan die restant van Gedeelte 9 van die plaas Rietfontein 2 IR, distrik Johannesburg onderhewig is, is die Administrateur voornemens om ooreenkomstig artikel ses-en-vyftig van die Padordonnansie, 1957 (Ordonnansie 22 van 1957), op te tree.

Alle belanghebbende persone is bevoeg om binne drie maande vanaf die datum van verskyning van hierdie kennisgewing in die *Provinsiale Koerant*, hulle besware by die Streekbeampte, Privaatsak 1001, Benoni, skriftelik in te dien.

D.P. 021-022J-37/3/R1.

Administrator's Notice 649

18 June 1969

ALBERTON MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO WATER SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Water Supply By-laws of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 1044, dated 19 November 1952, as amended, are hereby further amended by the substitution for subsections (b) and (c) of section 53 of the following:—

“(b) The charges due for water supplied by the Council shall be payable on or before the fifteenth day of the month following on the month in which such water was supplied.

(c) (i) Notwithstanding anything to the contrary in these by-laws contained, a meter on premises where water is supplied for domestic purposes, may be read once every three months and the consumption shall be divided equally amongst the months covered by the period between such reading and the previous reading.

Administrateurskennisgewing 649

18 Junie 1969

MUNISIPALITEIT ALBERTON.—WYSIGING VAN WATERVOORSIENINGSVERORDENINGE

Die Administrateur publiseer hierby ingevolge artikel 101 van die Ordonnansie op Plaaslike Bestuur, 1939, die verordeninge hierna uiteengesit, wat deur hom ingevolge artikel 99 van genoemde Ordonnansie goedgekeur is.

Die Watervoorsieningsverordeninge van die Munisipaliteit Alberton, afgekondig by Administrateurskennisgewing 1044 van 19 November 1952, soos gewysig, word hierby verder gewysig deur subartikels (b) en (c) van artikel 53 deur die volgende te vervang:—

“(b) Die gelde verskuldig vir water wat deur die Raad gelewer is, is betaalbaar voor of op die vyftiende dag van die maand wat volg op die maand waarin sodanige water gelewer is.

(c) (i) Ondanks andersluidende bepalings in hierdie verordeninge vervat, kan 'n meter op 'n perseel waar water vir huishoudelike doeleindes gelewer word, een keer elke drie maande afgelees en die verbruik gelykop verdeel word onder die maande wat gedek word deur die tydperk tussen sodanige aflesing en die voorafgaande aflesing.

(ii) A provisional account, based on average consumption, shall be payable for every month in which a meter is not read. Average consumption shall be calculated by the Council's Town Treasurer on the basis of—

(aa) the actual consumption on the premises for the period of three months preceding the date of commencement of this amendment; or

(bb) the actual consumption on the premises during the period between the last two meter readings; or

(cc) the consumption on comparable premises.

The Town Treasurer's decision in regard to the basis of calculation shall be final.

(c) The charges in respect of the difference between the average consumption and the actual consumption for the period between two meter readings shall, as the case may be, be added to or subtracted from the account payable in respect of the month in which the meter is read."

The provisions in this notice contained shall come into operation on 1 July 1969.

TALG. 5/104/4.

Administrator's Notice 650

18 June 1969

ALBERTON MUNICIPALITY.—AMENDMENT TO ELECTRICITY SUPPLY BY-LAWS

The Administrator hereby, in terms of section 101 of the Local Government Ordinance, 1939, publishes the by-laws set forth hereinafter, which have been approved by him in terms of section 99 of the said Ordinance.

The Electricity Supply By-laws of the Alberton Municipality, published under Administrator's Notice 491, dated 1 July 1953, as amended, are hereby further amended as follows:—

1. By the substitution for subsection (2) of section 14 of the following:—

"(2) The charges due for electricity supplied by the Council shall be payable on or before the fifteenth day of the month following on the month in which the electricity was supplied."

2. By the insertion after section 31 (3) of the following:—

